Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Riaan Maartens

Besigheidsontwikkelingsbestuurder

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Riaan
Tel: 066 479 2472 E-pos: riaan@laeveld.co.za

Riaan Maartens het in Pretoria grootgeword en aan Hoërskool Waterkloof gematrikuleer. Na skool het hy Entomologie by die Universiteit van Pretoria studeer, asook 'n Honneursgraad in Natuurlewebestuur behaal.

Hy is baie lief vir die natuur en die buitelewe – iets wat hy graag deel met sy vrou en twee dogters, wat almal net so lief hiervoor is. Die gesin is tans in Tzaneen woonagtig.

Riaan is al vir die afgelope 15 jaar by landbou betrokke en het veral baie ondervinding in die sitrusbedryf. Hy het aanvanklik as 'n Sitrus-entomoloog gewerk, waartydens hy waardevolle ondervinding in die bedryf opgedoen het. Hy het gedurende dié tyd ook op CRI se Navorsingskomitee vir Geïntegreerde Plaagbestuur gedien.

Daarna het hy by Bayer CropScience aangesluit, waar hy produkontwikkeling gedoen het en later ook as gebiedsbestuurder in die Limpopo-provinsie gewerk het. Hy het in dié pos goeie verhoudings met boere en verspreiders in die gebied opgebou.

Riaan sluit by Laeveld Agrochem aan as Besigheidsontwikkelingsbestuurder en gaan in die noordelike gedeelte van die land werk. Met die steun van die kundige Laeveld Agrochem-span, is hy verbind daartoe om produsente met die beste moontlike advies vir hulle gewasprobleme by te staan.